In die Augustus 2022 nuusbrief:

Ontfrommel - Wat is 'n karakterkaart – Dans, Besigheidsman

In my ballon

Die lente bloei in ons appelkoosboom. So mooi as wat dit is, so hartseer is ek. Dis te vroeg, want die Karoo-winters het 'n manier om met fors weer op te duik. Weereens geen appelkose as die ryp die mooi pienk bloeisels verfrommel nie.

En my ballon wil bars van opgewondenheid. Lees meer onder ***my agenda.***

Het jy geweet?

Om 'n karakter te bou, of te skep, is nogal ingewikkeld en tydrowend.
Wat doen skrywers?

Vanaf 'n karakterkaart-templaat, begin ek bou:
Naam, Van, ouderdom, bynaam, ras, huwelikstatus, kinders, geloof, politieke partye, troeteldiere, waarin en waar woon hy, beroep, hoe lyk hy (oë, neus, hare, lyf, mond, tatoo, ...), kleredrag, juwele, intellek, emosioneel, stemtoon/hakkel/skerp/dialek, kragwoorde, gewoontewoorde, liggaamstaal (skaam, agressief, postuur, irriterende gewoontes,) daaglikse rituele, familiegeskiedenis, kinderdae, vriende, hoe ervaar ander mense hom/haar...
Dan gebruik ek fotos van 'n bekende persoonlikheid om verskillende gesigsuitdrukkings vas te lê. Vir die wat my ken; die manlike karakters is gewoonlik 'n rugbyspeler!

Dis 'n mond vol. Wel, my karakterkaart is 'n paar bladsye lank.

Vir elke afdeling hierbo, het ek 'n lêer saamgestel van byvoorbeeld tipes oë, persoonlikhede, vreemde gewoontes, sporte, ensovoorts.

Hoekom die moeite?
Lesers is geneig om meer met die karakters – beide die goeie en die slegte – te verbind as enige ander element van die storie. Hoe voller 'n karakter ingekleur word, hoe makliker vorm die leser 'n prentjie in die kop en hoe makliker identifiseer 'n leser met die karakter.

Op my agenda?

Jay!! **ONTFROMMEL** is aanvaar deur my uitgewer, en die uitgewerspan is besig met redigering, proeflees, omslag en lokfilm.

Ontfrommel is my eerste speurverhaal, daarom was ek super opgewonde oor hierdie terugvoer uit die perd se bek:
Adjudant Offisier Johan Kotze (speurder): Nie enige skrywer kan die drade in 'n speurverhaal suksesvol bymekaarbring en terselfdertyd die leser se aandag behou tot aan die einde nie. Ek het baie sake agter die blad en kon my met jou boek vereenselwig. Jou skryfstyl en skryf-vernuf is baie goed. Ontfrommel in geheel is 'n goeie lees wat ek kan aanbeveel.

In my volgende nuusbrief: Die omslag. Die agterplats (die lokskrif op agterkant). Die prys en info vir voorafbestellings by my/Amazon.
Ek hoop jy is nuuskierig.

Tussendeur is ek steeds besig met die vertaling van Klonte Sout in Engels (slakke pas).
Ek is besig met 'n kortverhaal kompetisie vir Skryfgeheime Skryfskool wat 20 September sluit.
Ek geniet ook my skrywery op my blog... wat handel oor

Die lewe gebeur

Soek

"We can't always choose the way life plays for us, but we can choose how we dance!"

Kliek op die foto as jy my daar wil volg. Dis kort skrywes wat jou nie lank besig sal hou nie.
Hierdie blog lê my na aan die hart: Dans, Besigheidsman. Hier is die skakel:
dielewegebeur.wordpress.com/2022/04/24/dans-besigheidsman/

Die aandag is nou op jou!

Wat lees jy? Boeke of e-boeke?
Watter genre lees jy?
Dis inligting wat vir my saak maak, en ek sal dit waardeer as jy met my gesels by skryf@elsabewelman.co.za

Groetnis!



My kontakbesonderhede:
Tel: 0769216174 (ook vir Whatsapp)
skryf@elsabewelman.co.za
www.elsabewelman.co.za
Raak ook my vriend op: